NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

tamsotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

April 2009 **April 2009**

www.ptawoodworkers.com

Redaksioneel

At the last turner's meet I was most encouraged to see that a lot more discussions and explanations were done in English. From my side I felt that our English speaking members must have appreciated the effort of the boertjies doing the talking. Dit is so 'n snaakse wêreld waarin ons deesdae leef dat ons tog maar moet plek maak om diegene wat naby aan mekaar staan ter wille te wees!

Ek merk dat die voorsitter in sy stukkie bekommerd is oor die feit dat die ander dissiplines in ons vereniging kort skiet as dit gemeet word teen die werk wat deur die draaiers gedoen word. Ek self is egter van mening dat ons nie onnodig hieroor bekommerd hoef te wees nie. Die draaiers het aanvanklik ook maar gesukkel om as 'n groep gevestig te word. Elke ou het maar in sy eie werkplek gestaan en stoei, totdat 'n paar op 'n informele basis begin byeenkom het ten einde by diegene wat die saak reeds onder die knie gehad het te kon leer. Mettertyd het hierdie groepie gegroei tot waar hulle tans 'n krag op sigself is. Ek twyfel geensins dat ons meubelmakers soortgelyk kan, en gaan, groei nie. Vir my is die maak van meubels 'n baie meer sinvolle tydverdryf as om te draai, aangesien meubles bruikbare items is, teenoor die draaistukke wat hoofsaaklik vir die mooi daarvan gemaak word. Ek wil dan ook 'n beroep op die draaiers doen om tog maar te kyk of hulle nie ook meubels kan maak, waar draaiwerk 'n belangrike deel van die poging sal wees nie. (Maak dus iets moois, wat ook werklik bruikbaar is! Kyk byvoorbeeld na die trapreëling wat Paul Roberts aan't make is. Dit is 'n jammerte dat ons nie die volledige poging, klaar geïnstalleer sal sien nie!)

Programme for April

- **Saturday, 18 April at 09h00:** The Cabinet makers will meet at Frans Gerickes workshop. Telephone numbers: 012 361 2453, 082 359 1557.
- **Saturday, 25 April, at 09h00:** The turners wil meet at Carel van der Merwe's workshop. Telephone 083 283 7303. The address is 31 Matroosberg Raod, Ashlea Gardens.
- **Wednesday, 29 April, at 18h00:** our monthly meeting at the Botany Department, University of Pretoria.
- **Friday, 1 May, st 09h00:** A hands on turner's meeting will be held at Leon Langenhoven's workshop. Some members of the Witwatersrand Association will also be in attendance.

Vorige byeenkoms

By ons vorige byeenkoms het Fanie le Hanie vir ons 'n baie aangename praatjie, wat baie mooi met skyfies en 'n kort video toegelig is, gegee oor Houtwerk in Ghana. Fanie was gelukkig en kundig genoeg om 'n kontrak te kry om sekere masjienerie en opleiding namens die Ghanese regering aan te bied. Die lesse wat ons uit hiedie praatjie kon kry is veelvuldig, dog ek dink die volgende is van die punte wat uitgestaan het:

- Daar is baie geleenthede in Afrika om vir mense te leer hoe om ordentlike houtwerk te doen.

- Daar is ‘n groot gebrek aan genoegsame kennis ten einde bewus te kan wees van hoe belangrik ‘n veilige werksomgewing, werkspraktyke en netheid in die werkplek is. (Die hantering van groot kraggereedskap was veral iets om te aanskou!)

- Ons het in ons land sommer baie werk om te doen om te verseker dat die omgewing netjies gehou kan word. As hierdie mense hul arm dorpe so netjies kan hou moet dit hier by ons ook moontlik wees.

I do believe that all of us realy enjoyed the discussion and actually envied Fanie for the opportunity that he had.

Next meeting

The next meeting, at the normal venue, promises to be quite interesting. The evening wil be spent on the following;

- Chris Osborne will give a talk on the maintenace of rechargeable batteries. This may enable us to save a lot of money by restoring, rather than replacing batteries for screwdrivers etc.

- Ben Espach will explain the methods of sharpening knives properly.

- The suppliers of Henkle products will inform us on all the goodies that they have for the woodworker.

The Chairman’s piece

Met drie maande reeds agter die rug en met inagneming daarvan dat ons nie in Desember vergader nie beteken dit dat ons nog net agt vergaderings oor het. Vir die van ons wat mag dink dat dit baie is sal ons gou agterkom dat die tyd vlieg.

Die belangrikste items wat vir die volgende maande voorlê is ons “Aids and Gadgets” byeenkoms in Augustus en natuurlik ons uitstalling in Oktober. Dan sal sommige van die draaiers ook die jaarlikse nasionale simposium van AWSA in Pietermaritzburg van 2 tot 5 Julie bywoon.

The turners meeting on Saturday 21 March once again had an excellent turnout. (I hope I’m not duplicating the Editor on this). Since late last year the average attendance has increased from about 17 to the current about 25 members. It proves that there is an increased interest in turning which is certainly good news. Unfortunately the same cannot be said of the cabinetmakers. At times the attendance of their meetings has dwindled to between 4 and 7 members. This is a rather sad development because not many years ago the cabinetmakers were the leading group. They were also about equal in numbers to the woodturners when the Association was established 20 years ago. Considering that cabinetmaking can turn out more useful items around the house (more than woodturning?) and that your average “handyman” would require skills in cabinetmaking rather than woodturning the decreasing interest in cabinetmaking is rather sad. Where the objects of our Association is aimed at improving knowledge and skills in woodworking in general we, as an Association, should perhaps have a look at how we can increase the interest in cabinetmaking to previous levels.

Some personal experience: the Chairman recently bought a number of items, including paint brushes, putty, linseed oil and woodworking items from Chamberlains in Centurion. With the receipt of the 11 items bought in his pocket and with time available he thought it would be a good idea to compare prices at Builders Warehouse, Centurion about one kilometre from Chamberlains. All eleven items on his list were between R6,00 and R18,00 more expensive at Builders Warehouse. The staff at Builders Warehouse also seemed more interested in talking to each other than attending to the customers which was also the exact opposite from Chamberlains. Talking to other members of the Association it seems as if they share the same experience.

While a price comparison of 11 items between two stores in Centurion may not necessarily indicate the norm elsewhere it proves the point that it pays to shop around and compare prices, especially in these tighter economic circumstances. Sometimes we tend to shop around for the best price of expensive

items but neglect to do the same with smaller items and that is exactly where we lose money on a nearly weekly basis.

Met kostebesparing in gedagte het dit opgeval hoe ons mekaar tydens die gereelde vergaderings kan inlig waar om houtwerkitems teen die beste prys te kry. Lede soek gereeld na stukke gereedskap of ander goed wat ons daagliks in houtwerk gebruik. Die eerste plek om navraag te doen daaroor is by ander lede. Partykeer is die goed wat ons soek eenvoudig net nie "om die hoek" beskikbaar nie en dit is dan wanneer ons tydens vergaderings met ander lede daaroor kan gesels en die regte raad en inligting kry. Paul Roberts van ons bestuur is tans besig om 'n lys saam te stel van "where to get what" en dit alleen kan ons ook geld bespaar.

Maar die punt wat dit alles bewys is dat lidmaatskap van ons Vereniging ons almal geld en moeite kan spaar en dat ons ledegeld van R15,00 per maand meer as die moeite werd is. Al wat dan nog nodig is, is om die vergaderings gereeld by te woon om die volle waarde van lidmaatskap te kry.

Anton Louwrens

Draaiers se hoekie

Soos in die voorsitter se stuk genoem is, het ons weer eens 'n baie geslaagde byeenkoms gehad. Die uitgestalde werkstukke het getuig van die hoë standaarde wat deurgaans gehandhaaf word. Ek dink ook dat lede sommer baie geleer het oor die uithol van bakke. Dit is altyd lekker om te hoor en te sien wat ouens wat handvaardig is kan doen. Dit inspireer ook die ander om op hul eie te poog om dieselfde te probeer bereik.

Sommige van die maand se huiswerk. Let op Paul se trap-reëling se pilare.

'n Mooi vaas met kerfwerk.

At verduidelik die beginsels van diep- uitholwerk

Groot belangstelling om te sien hoe dit prakties uitgevoer word!

Apart from the normal monthly meet the turners also paid a visit to the woodworkers at Leeupoort. Herewith a report on this action:

Draaidemonstrasie by Leeupoort

Die vereniging se een doel, om houtwerk en veral houtdraaiwerk, te bevorder is vandeesmaand weer tot werk gemaak deur drie lede wat ‘n draaidemonstrasie by Leeupoort, tusen Warmbad en Thabazimbi, gegee het. Len Scott, ‘n voormalige lid van hierdie vereniging het daar afgetree en ‘n klein houtwerkgroep begin. Willie de Wet het verskeie lede genooi om saam met hom te gaan en as deel van die lokaas het hy ook vier nagte se akkomodasie by Sun City aangebied. Ongelukkig kon slegs twee lede van hierdie aanbod gebruik maak met die gevolg dat Willie en Leon die oggend van Maandag die 9e uit Pretoria weg is. Aangesien Sun City nie te vêr is nie, was daar tyd vir ‘n paar stoppe by besienswaardighede langs die pad, in die Hartebeestpoortdam-omgewing. Dit het Willie met ‘n paar goeie idees vir toekomstige aktiwiteite gelaat. Piet Smit kon weens ander verpligtinge eers laat die middag by ons by Sun City aansluit.

‘n Paar van die belangstellendes

Dinsdagoggend vroeg is ons aldrie weg na Leeupoort waar Len, sy vrou en die ander mense ons baie welkom laat voel het. Behalwe vir die ses of sewe lede van die groep was daar ook ‘n paar ander belangstellende potensiële draaiers teenwoording. Voor ons vertrek het Len versoek dat ons ‘n paar spesifieke demonstrasies moes gee n.a.v. die belangstelling daar, gevolglik was ons almal goed voorberei met die regte materiaal en voorbeelde. Willie het die draai van armbande en hangertjies gedemonstreer en dit weer soos altyd baie maklik laat lyk. Leon het daarna stap vir stap die maak van ‘n pen-en-potloodstel gewys, waarna Piet gevolg het met ‘n demonstrasie van pepermeulmeganismes en die ontwerp en draai van ‘n pepermeule. Na lekker tee en versnaperinge het Willie afgesluit met ‘n demonstrasie van die draai van verskeie bakkies.

Willie besig met ‘n armband

Leon verduidelik hoe om ‘n pen aanmekaar te sit

Later die middag het ons genoeg tyd gehad om lekker sosiaal te verkeer en die dames het ons op ‘n heerlik ete getrakteer. Hopelik sal ons in die toekoms ‘n paar van hul lede by van ons vergaderings kan verwelkom. Laatmiddag is ons, na ‘n vinnige stop by SA se kampioen-tambotie-boom, weer traag terug Sun City toe.

Te oordeel na die reaksie van die mense by Leeupoort het die demonstrasies baie goed aan hul doel beantwoord. Volgens Len het twee van die belangstellendes elk gedurende die volgende paar dae ‘n draaibank aangeskaf. Ek hoop ons het hiertoe bygedra.

Piet op sy stukke met 'n pepermeule

Die daaropvolgende twee dae by Sun City was heerlik ontspannend met 'n dag in die Pilanesberg-natuurreservaat en 'n dag om die hele plek te besigtig. Die stories en grappe deur twee meestervertellers het natuurlik baie bygedra om dit 'n baie genotvolle paar dae te maak

Leon Wolmarans

Special turner's meeting

As was indicated in the monthly programme, the turners will host a special meet at Leon Langenhoven's workshop on 1 May, at 09h00. ***(We may just as well do something positive with all these public holidays that come our way! Ed.)***

This meeting is open to all members of the association. It promisses to be a not to miss affair. The most important aspects about the day are as follows:

- The Neighbouring Woodworking associaions have been invited to visit us.
- Participants will be exhibting some of their best pieces.
- A competition to see who can turn a set piece the fastest will be held.
- A competition will be held to see who has turned the best Frisby. This will be the one that will be judged the best flyer. (The frisbies will be turned at home.)
- A "bring and braai"will be part of the proceedings. Fires and grids will be available as well as coffe and tea. It is advisable to bring your own chair, braai tongs, meat and beverages of choice.
- Jy kan ook jou eie draaigereedskap saambring , aangesien daar baie geleentheid sal wees vir praktiese draai. Die kundiges kan dalk help om sekere probleme wat jy met jou draaiwerk het op te los.

Die draaiers ken reeds Leon se plek, maar vir die wat nog nie daar was nie kan net genoem word dat hierdie werkwinkel iets is om te ervaar. Mooi groot draaibanke is aan die orde van die dag.

Diegene wat nie weet hoe om by Leon uit te kom nie kan gerus die volgende nommers skakel vir rigting aanwysers:

Leon Langenhoven: 0825141658 of 012 5620255

Exhibition

As always, the exhibition of the Association receives a lot of attention at a very early stage in the year. Every bit of lateral thinking, to try and improve the attendance by the public at large as well as the participation by members, is greatly appreciated by the committee. In this regard we so far received the following:

- A prize of R200 for the table adjudged the best on the show.
- Steyn Grove is making a piece of furniture that wil be up for grabs from a ticket numer that will be drawn on the day.
- Leon Langenhoven donated a large tuned bowl, also to be won by the draw of ticket numbers.

Apart from the above, the committee is trying to get as much publicity as they can for this event. In this regard all our members can contribute by making a positive effort to get family and friends to attend.

With all this in mind, we must endevour to get everyone involved in the real thing, namely: **To make items for the exhibition. Let all of us try to make this year the best ever!**

Meubelmakers

Die meubelmakers se volgende vergadering is op 18 Mei, by Frans Gericke se werkplek. Ons vertrou dat hierdie byeenkomste tog maar meer belangstelling sal lok. Die voorlopers van hierdie groep is kenners en kan baie help om beginners se vaardighede te verbeter.

SPEKBOOM

Spekboom (*Portulacaria afra*) (Eng. Porkbush) het onlangs heelwat aandag in die media gekry toe daar veral verwys is na die besondere vermoë van hierdie plantsoort om baie meer koolsuurgas (CO_2) te absorbeer as meeste ander boomsoorte in ons land. Dis ook bekend dat bome, naas die oseane, die meeste van die vry koolsuurgas uit die atmosfeer absorbeer om in houtweefsel vas te lê en daardeur die kweekhuis-effek help teenwerk. Om hierdie rede speel woude so 'n belangrike rol in die wêreld se ekosisteme en word die bewaring daarvan bevorder en selfs deur wetgewing afgedwing.

Die aanplant van *Portulacaria afra* in tuine en in natuurreservate word tans baie sterk aanbeveel weens hul vermoë om doeltreffend koolsuurgas te kan benut. Hulle word ook aangeplant vir hul voorkoms omdat die groen-rooi stingels en ronde blaartjies heeljaar opvallend is en 'n fokuspunt in enige sukkulente tuin kan vorm. Die klein blommetjies is ligroos tot perserig en word in digte pluime gedra. Daarby is spekboomblare en -stingels baie smaaklik vir verskeie blaarvreters soos koedoes en olifante wat dan die aanplant van spekbome in natuurgebiede regverdig. Dit word reeds algemeen in sekere Karoo-gebiede as veevoer benut en ook in rye dig teen mekaar geplant en as heinings gesnoei. Daar is ook gevalle bekend waar eksemplare tot baie mooi bonzai-boompies ontwikkel het.

Portulacaria afra is 'n blaar- en stingelsukkulent wat aan die **Portulacaceae** (varkenskos-familie)(Eng. Purslane family) behoort. Dit groei tot 'n struikerige boom en kom vanaf die Noordelike Provinsie tot onder in die Suid-Kaap voor - al met die relatief droë, rotsagtige gebiede aan die oostekant van ons land langs. Daar is selfs 'n plantstreek in die Oos-Kaap wat as **spekboomveld** bekend staan waarbinne ondermeer die Addo Olifantpark geleë is. Spekboom groei welig onder gematigde (mesofitiese) toestande soos ons dit hier in Pretoria ervaar.

'n Kenmerk van Spekboom wat nie algemeen bekend is nie, staan in verband met die suurgraad van hul blare. Wanneer mens vroeg in die oggend die blare sou kou, proe dit suur, en later word hulle al minder suur soos die dag vorder. Hierdie kenmerk van spekbome hou daarmee verband dat hulle tot 'n sekere groep plante behoort wat as CAM-plante bekend staan. CAM is die afkorting vir **Crassulacean Acid Metabolism**. Dit is 'n tipe fotosintetiese metabolisme wat by die familie Crassulaceae (plakkies) ontdek is, en vandaar dan die naam daarvoor. Nie alle sukkulente is CAM-plante nie.

Hoe werk CAM en hoe verskil dit van die tipe fotosintese wat by ander plantsoorte voorkom? CAM-plante is by baie warm en droë toestande aangepas waar hulle baie doeltreffend die min beskikbare water benut, soos om dit in vlesige blare te berg. Dus, tipiese sukkulente met 'n lae oppervlakte-tot-volume-verhouding in hul blare. Alle blare het egter stomas. Die doel van stomas (ook bekend as huidmondjies) op die blare en jong stingels is om openinge daar te stel waardeur CO_2 vir die fotosintese-proses geabsorbeer kan word. Wanneer die stomas open om CO_2 te absorbeer, verloor die plant egter waterdamp deur transpirasie. Dit is 'n onvermydelike euwel by die meeste plantsoorte en daarom poog hulle om meer water te absorbeer as wat hulle tydens transpirasie verloor. CAM-plante het egter 'n ander strategie. Hulle stomas gaan in die nag oop wanneer die temperatuur daal en die relatiewe humiditeit styg. Hulle absorbeer dan die CO_2 sonder om veel vog te

verloor en kan water dus meer doeltreffend benut as ander plantsoorte.

Die CO_2 wat gedurende die nag geabsorbeer word, bind met fosfo-enol-pirodruiwesuur (PEP) 'n 3-koolstofmolekuul, en vorm dan maliensuur, 'n 4-koolstofmolekuul. Die maliensuur word tot die volgende môre in die selvakuole geberg voordat die fotosintese-proses, wat totaal van sonlig afhanklik is, kan plaasvind. Dis hierdie maliensuur in die selvakuole wat mens proe indien jy vroeg in die môre van die spekboomblare sou kou. Die suurgraad in die selle kan tot pH 4 gedurende die nag daal. Gedurende die dag word die maliensuur gedekarboksileer (een koolstofatoom word verwyder) en aan die Calvin-silkus in die chloroplaste afgestaan waar "gewone" fotosintese dan plaasvind met die produksie van glukose.

CAM kom meer algemeen voor as wat voorheen besef is. Dit kom voor by sommige monokotiele, sommige dikotiele en selfs 'n paar varings. Die twee bekendste plantsoorte, behalwe spekbome natuurlik, wat CAM-plante is, is pynappels (*Ananas comosus*) en garingplante (*Agave americana*). Laasgenoemde word nie net vir sy vesels benut nie, maar ook om Tequila van te stook.

Lees meer oor spekbome in **Photographic guide to TREES of Southern Africa** deur Braam, Piet en Ben-Erik van Wyk.

Ten spyte van die feit dat ons voorheen versoek het dat julle almal maar jul ledegeld moet betaal, is daar nog 'n aansienlike aantal mense wat nie betaal het nie!

Asseblief, julle maak die lewe van die tesourier en die sekretaris baie moeilik!

Betaal asseblief nog voor die einde van April. As jy nie weet vir wie om die geld te gee nie, kontak my.

New member

We want to extend a hearty welcome to a new member, namely:

Name: GCF (Gelis) Harmse.

Address: 177 Hadena Street , Montana Park.

Telephone: 012 548 0785

Cellphone: 083 626 9002.

E-mail: gelis.harmse@gmail.com

Interests: Cabinetmaking.

Ons vertrou dat jy sommer baie maklik by ons gaan inskakel. Moet asseblief nie huiwer om te vra vir hulp,of om jou opinie te lug aangaande onderwerpe wat vir jou van belang kan wees nie. Wees verseker dat almal in die vereniging altyd sal help waar hulle kan.

Redaksie

Redakteur: Louw Trichardt

Adres: Bus 50606, Wierdapark

Telefoon: 012 653 1874

e-pos: louwmarie@icon.co.za